KABV

maskew miller learning



GRAAD 3 VERSAMELBUNDEL

# Platinum

## Afrikaans Huistaal

Angie Hough • Celine Mosca

EXTRACT PAGES

Maskew Miller Learning
Freedomweg 10, Milnerton, Kaapstad, 7441

© Maskew Miller Learning (Pty) Ltd 2025

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word, in 'n inligtingstelsel bewaar word, of versend word in enige vorm of op enige manier, hetsy elektronies, meganies, deur fotokopiëring, klankopnames, of andersins, sonder vooraf skriftelike toestemming van die kopiereghouer nie.

Om aansoek te doen vir toestemming om enige deel van hierdie publikasie te reproduseer of aan te pas, kontak die Kopieregspan by 021 532 6000 of per e-pos by rightsgranting@mml.co.za. Kopieregskending kan gerapporteer word deur 'n e-pos aan copyright@mml.co.za te stuur.

Eerste uitgawe 2025

ISBN: 9781834958064
ePDF-ISBN: 9781834978154

Uitgewer: Ruchelle Lombard
Redakteur: Hennely Nel
Redigering: Rentia Pretorius en Ettienne van Zyl
Omslagontwerp: MML Visual Design en Wouter Reinders
Omslagillustrasie: Alida Bothma
Boekontwerp: MML Visual Design
Illustrasies: MML, Alida Bothma, Muzaffar Martin, Marisa du Toit, Antoinette Marlow, Susan Kemp, Mia van der Merwe, Jane Dean, Zsa-Zsa Venter, Rashieq Sasman, Daryl-Anne Leveton, Bianca Louise, Anhest Hunter en Stephanie Simpson
Setwerk: The Icon Agency en Marius du Plessis
Gedruk deur [ ]

EXTRACT PAGES

# Inhoudsopgawe


## Kwartaal 1

**Tema 1: Hier is ek**
Die towerpotlood *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

**Tema 2: Gevoelens**
Die hoogmoedige hiëna *(Fabel)* . . . . . . . . . . . . 8

**Tema 3: Regte en verantwoordelikhede**
Rina Regte en Felicity Verantwoordelikhede *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . 15

**Tema 4: Hou my liggaam veilig**
Sara stel grense *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . . . . . 22

**Tema 5: Die omgewing**
Ons wonderlike planeet *(Inligtingsteks)* . . . . 29

## Kwartaal 2

**Tema 6: Red die planeet**
Herwinningshelde *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . . . 36

**Tema 7: Land en lug**
Koninkryke van land en lug *(Fabel)*. . . . . . . . 43

**Tema 8: Openbare veiligheid**
Wie is Grootvoet? *(Storie)*. . . . . . . . . . . . . . . . 49

**Tema 9: So leef ons**
Bou uit die boks uit *(Storie en inligtingsteks)*. . . . . . . . . . . . . . . . . 56

**Tema 10: Gesonde eetgewoontes**
Wegneemkos of eet by die huis? *(Storie en inligtingsteks)* . . . . . . . . . . . . . . . . 63

## Kwartaal 3

**Tema 11: Toe en nou**
'n Naweek by Ouma en Oupa *(Storie)* . . . . . 70

**Tema 12: Tradisies en kultuur**
Ons vier Erfenisdag! *(Inligtingsteks)* . . . . . . . 77

**Tema 13: Kommunikasie**
Uil se goue raad *(Fabel)* . . . . . . . . . . . . . . . . . 84

**Tema 14: Internet**
Die avonture van Jabu en Penda *(Storie en inligtingsteks)*. . . . . . . . . . . 91

**Tema 15: Kuns en kodering**
Robbie die robot *(Storie en inligtingsteks)* . . 98

## Kwartaal 4

**Tema 16: Diere wat ons help**
Byenes *(Inligtingsteks)* . . . . . . . . . . . . . . . . . 105

**Tema 17: Ek het 'n droom**
Paul glo in homself *(Storie)*. . . . . . . . . . . . . . 112

**Tema 18: Entrepreneurskap**
Markdag *(Storie en inligtingsteks)*. . . . . . . . 120

**Tema 19: My toekoms**
Rondom die wêreld *(Storie en inligtingsteks)* . . . . . . . . . . . . . . . 127

**Tema 20: Wanneer ek groot is**
Ruimtereis *(Storie)* . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 134


EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

## Die towerpotlood



EXTRACT PAGES

Op sy agste verjaardag word Jaden wakker met 'n hart vol blydskap. Die eetkamer is vol ballonne en sy familie sing vir hom: "Veels geluk, liewe maatjie!" Jaden maak een van sy geskenke oop en kry 'n mooi boksie. In die boksie is daar 'n potlood met blink patrone. Sy ouma glimlag en sê: "Dis nie 'n gewone potlood nie, Jaden. Dis 'n towerpotlood."

"Sjoe, 'n towerpotlood. Regtig, Ouma?"

"Ja, my kind," sê Ouma.

Jaden lag. "Ek kan nie wag om te begin teken nie."

Jaden teken eerste 'n klein voëltjie. Hy kan dit nie glo nie – die voëltjie begin beweeg en vlieg van die papier af en deur die kamer.

Sy mond hang oop van verbasing.



EXTRACT PAGES

Met sy towerpotlood in die hand, begin Jaden dinge teken waarvan hy nog altyd gedroom het. Hy maak ‘n reënboog wat oor die tuin strek. Jaden teken ook ‘n klein draak wat sy beste maat word. Hy noem sy drakie ‘Piep’.

Jaden kyk weer na sy reënboog. “Dis so mooi! Ek het nog nooit so ‘n mooi reënboog gesien nie.”

Piep sê ook: “Dis pragtig, Jaden! Kan jy nou ‘n berg teken?”

“Ja,” sê Jaden, “kom ons teken ‘n groot berg met sneeu op!” Jaden gebruik sy verbeelding en teken ‘n klomp prentjies, soos ‘n groot boom vol lekkers, ‘n wit voëltjie met rooi kolle en ‘n roomys wat kan praat!. Elke dag is vol nuwe avonture. Elke prent word iets spesiaal en Jaden voel soos ‘n regte kunstenaar.



Maar nie alles wat Jaden teken werk goed uit nie. Op ‘n dag teken hy ‘n stormwind vir die pret. Die wind raak te sterk en begin alles omwaai.

“Oeps, dit was dalk nie ‘n goeie plan om ‘n stormwind te teken nie!” skree Jaden oor die geraas.

“Moenie bang wees nie, ek sal help!” Jaden se drakie blaas vuur op die wind. Piep wil hê sy vuur moet die wind stop, maar hy steek ‘n gordyn aan die brand.

“Nee, Piep, hou op! Jy maak alles net erger!”

Jaden besef dat sy tekeninge gevaarlik kan wees as hy nie versigtig is nie. Hy moet leer om sy towerpotlood reg te gebruik.

EXTRACT PAGES



Jaden sit in sy kamer en dink oor wat hy alles met sy towerpotlood kan doen. Ouma klop aan die deur en vra: “Wat doen jy, Jaden?”

“Ek dink, Ouma. Voor ek iets teken, dink ek eers oor wat moontlik kan gebeur.”

“Dis ‘n goeie idee. Jy moet leer om jou spesiale geskenk reg te gebruik.” Sy ouma glimlag vir hom.

“Kyk, Ouma, ek het ‘n towerboek geteken waarin ek my tekeninge kan terugsit as hulle buite beheer raak.”

“Baie mooi, my kind. As jy jou potlood met dissipline gebruik, sal jy orde kan herstel.” Sy ouma gee hom ‘n drukkie.

Met dissipline en beheer maak Jaden weer alles reg. Hy leer hoe om sy potlood verantwoordelik te gebruik en sy tekeninge reg te hanteer.

EXTRACT PAGE



EXTRACT PAGES

Nadat hy so baie avonture beleef het, sit Jaden een aand en dink oor alles wat hy geleer het. Hy verstaan nou meer van homself en die krag van die potlood.

"Ek het 'n nuwe prentjie gemaak van 'n vlieënde perdjie, kom kyk!"

Piep ruik aan die klein perdjie met vlerke wat op die tafel sit. "Mmm, lyk lekker om te eet!"

"Nee, Piep, moenie! Dis 'n maatjie, jy kan hom nie eet nie."

Piep frons. "Ag, oukei."

Jaden sit die perdjie eerder in sy towerboek. Hy dink Piep sal dalk kanse vat as hy nie kyk nie.

Hy weet nou dat hy sy towerpotlood slim moet gebruik. Hy kan dit gebruik om goeie dinge te maak wat ander kan help.



Jaden gebruik nou sy towerpotlood om pragtige dinge te teken. Hy teken prente wat die mense om hom gelukkig maak en wat sy dorpie mooier maak, soos honderde helder blomme, ‘n ekstra groot reënboog en kleurvolle huise.

Een naweek kom Brandon, Jaden se beste maat, kuier. Jaden verduidelik: “Ek het my towerpotlood gebruik om prente te teken wat die mense in die dorp bly maak.”

Jaden en sy maat ry in die dorp rond op hulle fietse. Brandon wil sien hoe alles verander het.

“Sjoe, Jaden, dis ongelooflik! Jy is regtig ‘n baie goeie kunstenaar.”

Almal in die dorp sê vir Jaden sy kunswerke bring vreugde en inspirasie. Jaden is trots op wat hy doen.

EXTRACT PAGES



Jaden besluit om sy towerpotlood met sy vriende en familie te deel. “Ek wil hê julle moet ook die spesiale krag daarvan voel,” sê hy vir hulle.

Almal is baie opgewonde. Jaden steek sy hand op en sê streng: “Maar eers moet ek vir julle belangrike dinge leer. Die towerpotlood mag net gebruik word om ander gelukkig te maak.”

Voor hy die towerpotlood oorhandig, sê hy: “Julle tekeninge moet ook ander mense inspireer om kreatief te wees en om vir mekaar goed te wees.”

Almal luister mooi en stem saam met Jaden.

Jaden het nie net sy eie wêreld verander met sy towerpotlood nie, maar ook die wêreld van die mense rondom hom.

EXTRACT PAGES

## Die hoogmoedige hiëna



In die groot savanne, waar die gras hoog en groen groei, was daar 'n hiëna genaamd Hentie.

Hy was baie hoogmoedig en het baie van homself gedink.

"Kyk net na daardie sebra se strepe! Hulle lyk so snaaks," lag Hentie.

Vir die kameelperd sê hy: "Hoekom is jou nek so lank? Jy lyk belaglik!"

En hy spot die olifant: "Jou ore is so groot, jy kan daarmee vlieg!"

Die ander diere het baie seergemaak gevoel oor Hentie se lelike woorde. Hy terg selfs die klein bosmuis omdat sy so piepklein is: "Jy is so klein, die wind sal jou wegwaai!"

EXTRACT PAGES



Op ‘n dag, nadat Hentie weer die arme erdvark se neus bespot het, verskyn ‘n groot, magtige leeu. Leo was die koning van die savanne. Al die diere het baie respek vir hom gehad.

Leo brul hard en sê kwaai: “Hentie, dit is genoeg! Hoekom behandel jy die ander diere so lelik?”

Hentie skrik groot. “Ek ... ek weet nie,” antwoord hy hakkelend.

Leo kom staan voor Hentie. “Elke dier in die savanne is spesiaal op sy eie manier. Dit is belangrik om ander met respek en vriendelikheid te behandel. Het jy al ooit gedink hoe sleg dit hulle laat voel?”

Hentie laat sak skaam sy kop. “Ek het nie besef dit maak hulle hartseer nie,” mompel hy.

Leo knik. “Dit maak hulle baie hartseer. Jy moet om verskoning vra en leer om die ander diere met respek te behandel.”

EXTRACT PAGES



Hentie haal diep asem en draai na die erdvark toe. “Ek is jammer dat ek jou seergemaak het,” sê hy. “Ek sal probeer om ‘n beter vriend te wees.”

Die erdvark glimlag skaam en sê: “Dankie, Hentie. Ek waardeer dit.”

Leo sê toe: “Ek wil jou iets wys.” Hulle stap saam tot by ‘n groot boom waar die oudste dier in die savanne, Thandi die wyse skilpad, woon.

“Thandi,” sê Leo, “Hentie moet leer hoe belangrik respek en vriendelikheid is. Kan jy hom help?”

Thandi kyk lank na Hentie en sê: “Hentie, jy moet verstaan dat elkeen van ons iets uniek het wat ons spesiaal maak. Ek wil hê jy moet ‘n dag saam met elkeen van die diere in die savanne deurbring om iets oor hulle te leer.”


EXTRACT PAGES



Hentie stem in, en bring die volgende dag saam met die sebras deur. Hy leer hoe vinnig en rats hulle is. Hy sien hoe hulle hul strepe gebruik om hulself te versteek en te beskerm teen roofdiere.

Die dag daarna gaan stap hy saam met die kameelperde. Hy leer hoe hulle die hoogste blare kan bereik wat ander diere nie eens kan sien nie. Hy sien hoe mooi en elegant hulle is. Hentie begin verstaan hoe uniek en spesiaal elke dier se eienskappe is.

EXTRACT PAGES



Daarna gaan kyk hy ‘n bietjie hoe die olifante lewe. Hy sien hoe hulle hul groot ore gebruik om mekaar oor lang afstande te hoor. Hy leer hoe sterk en beskermend hulle is.

Die laaste dag is dit die bosmuis se beurt. Hentie sien hoe slim die klein diertjie is en hoe vinnig sy kan beweeg. Die muisie kan rats kos vind en van gevaar af wegkom. Hy het begin respek kry vir die muis se dapperheid en haar vermoë om stilletjies deur die gras te kruip.

EXTRACT PAGES



Aan die einde van die week gaan kuier Hentie weer by Thandi en Leo. “Ek het baie geleer,” sê hy. “Ek verstaan nou hoe spesiaal elke dier is.”

Leo glimlag. “Ek is bly om dit te hoor, Hentie. Dit is belangrik om ander mooi te behandel. Ons moet verstaan dat alle diere verskillend, maar steeds belangrik is.”

Hentie belowe om altyd vriendelik te wees en ander diere met respek te behandel. Hy begin uiteindelik om ander diere se gevoelens te verstaan.

EXTRACT



EXTRACT PAGES

Hentie sê vir sebra: "Ek hou van jou strepe, hulle laat jou so deftig lyk."

Vir die kameelperd sê hy: "Jou lang nek laat jou baie elegant lyk."

En vir die olifant sê hy: "Jou ore is pragtig en waai almal so lekker koel in die warm son."

Die ander diere was baie opgewonde oor die verandering in Hentie. Hulle het hom met oop arms verwelkom. Hulle was bly dat Hentie geleer het om ander met respek te behandel.

Die les van hierdie storie is dat ons ander se gevoelens moet respekteer en in ag neem. Ons moet waardeer wat hulle spesiaal maak.

As ons ander met vriendelikheid en respek behandel, kan ons goeie vriende maak.

# Tema 3: Regte en verantwoordelikhede

## Rina Regte en Felicity Verantwoordelikhede




EXTRACT PAGES

Lank, lank gelede was daar 'n wêreld vol wonder. In hierdie wêreld was daar tweelingsusters, Rina Regte en Felicity Verantwoordelikhede.

Hulle was onafskeidbaar. Rina het geweet dat elke mens regte het, soos die reg om veilig te wees en skool toe te kan gaan. Felicity het geweet dat elke mens verantwoordelikhede het, soos om ander te help en mense en diere met respek te behandel.

Saam het hulle die wêreld in balans gehou.

Op ‘n dag begin die susters stry. Rina sê: “Mense moet net hulle regte geniet!”

Felicity antwoord: “Nee, mense moet net hulle verantwoordelikhede nakom!”

Hulle stry so vreeslik dat hulle nie meer met mekaar wil praat nie. Albei ry weg op hul blitsvinnige perde.

Rina reis na die een kant van die wêreld. Sy leer mense om net om net vir hul regte te veg. Mense sorg net vir hulleself en ignoreer ander. Hulle het ander geïgnoreer. Almal dink net aan hulself en hul eie behoeftes en begeertes.

EXTRACT PAGES






Felicity reis na die ander kant van die wêreld. Sy leer mense om net hul verantwoordelikhede na te kom. Mense werk hard, help ander konstant en voer al hul take uit. Hulle word moeg en oorwerk, en daar is geen vreugde en pret in hulle wêreld nie.

Die wêreld verval in totale chaos. Mense is óf selfsugtig en onvriendelik, óf uitgeput en moedeloos.

Daar was geen balans meer nie. Die mense besef toe dat iets verkeerd is.



EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

‘n Wyse ou vrou, wat die geheime van die wêreld ken, sien ook daar is ‘n probleem. Sy besluit om die susters te vind.

Sy reis oor berge en deur dale om hulle te soek. Uiteindelik vind sy uit waar Rina en Felicity is.

Rina is aan een kant van die aarde en Felicity aan die ander kant. Die wyse vrou besluit om hulle na mekaar toe te lok.



EXTRACT PAGES

"Rina en Felicity," sê sy, "julle moet saamwerk om die wêreld weer in balans te bring. Sonder regte voel mense verwaarloos. Sonder verantwoordelikhede raak mense selfsugtig. Julle het mekaar nodig."

Rina en Felicity kyk na mekaar. Hulle besef hoe verkeerd dit was om te stry.

Die twee susters besluit om terug te keer na die middel van die wêreld. Hand aan hand leer hulle mense om regte en verantwoordelikhede in balans te hou.


Die mense vind weer vreugde en harmonie. Hulle leer dat regte belangrik is. Kinders speel weer in die speelpark en almal gee mekaar 'n beurt om te speel.

Maar die mense moet ook hulle verantwoordelikhede nakom. Dit skep 'n gevoel van gemeenskap.

Die wêreld het weer beter geraak. Mense het respek vir mekaar gehad. Hulle is nou weer bereid om mekaar te help.

EXTRACT PAGES




EXTRACT PAGES

Rina en Felicity het gesien hoe hul samewerking die wêreld 'n beter plek gemaak het. Die legende van Rina en Felicity het voortgeleef. Dit was 'n herinnering aan die krag van balans.

Mense weet nou dat dat, om gelukkig te wees, regte en verantwoordelikhede hand aan hand moet gaan.